



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminatore van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 BEGROTINGS

(30 punte; 36 minute)

1.1 *Gebruik die inligting wat in die bykomende inligting gegee word om die ontbrekende syfers wat met die letters A–G aangedui word, te bereken. Die "???" moenie bereken word nie. Toon jou berekeninge in die toepaslike reël.*

A.	$6 \times 42\,000 = 252\,000$
B.	$\frac{2\,800 \times 12 \times 100}{8} = 420\,000$
C.	70 000
D.	$10\,275 \times \frac{4}{3} = 13\,700$
E.	$2\,660 \times \frac{100}{140} = 1\,900$
F.	1 500
G.	$6\,800 \times \frac{102}{100} = 6\,936$

1.2 *Bereken die verhouding wat gebruik word om fabrieksversekering versus die kantoorversekering te toon.*

$13\,700 - 2\,740 = 10\,960 \quad 10\,960 : 2\,740$ $4 : 1$

1.3 *Bereken die fabrieksbokoste vir April 2020.*

$\text{Fabrieksbokoste } 2\,750 + 35\,000 + 10\,960 + 6\,936 = 55\,646$

1.4 *Voltooi die geprojekteerde inkomstestaat vir HCC Designs vir April 2020.*

Verkope $(10 + 4 + 6) \times R42\,000$	840 000
Koste van verkope $840\,000 \times \frac{100}{1,25}$	(672 000)
Bruto wins	Moenie invul nie
Bedryfsuitgawes	Moenie invul nie
Waardevermindering: Vragmotor	2 800
Kantoorversekering	2 740
Voertuiguitgawes	2 660
Kantoortelefoon	???
Kantoorstryfbehoeftes $160 + 700$	860
Netto wins vir April	159 385

1.5 *Thabo nader jou om advies. Hy is baie opgewonde oor die wins wat hy per maand kan maak en wil voortgaan met HCC Designs in plaas daarvan om ander werk te soek. Ongelukkig het hy nie die geld nie en banke sal nie vir hom die geld leen of hom toelaat om 'n oortrekking te doen nie.*

1.5.1 *Verduidelik in detail twee verskillende redes waarom HCC Designs 'n wins van R159 385 in April kan hê, maar tog het dit 'n opgehoopte kontanttekort van R1 236 361 in dieselfde maand.*

- HCC Designs het kontant gebruik om toerusting en 'n vragmotor te koop. Dit is bate en nie uitgawes nie, dus sal slegs die waardevermindering die wins verminder.
- Slegs 30% van verkope is kontantverkope en alhoewel verkope 'n inkomste is, sal slegs 30% van hierdie verkope in die kontantbegroting vir April wees.
- Die meeste van die grondstowwe wat in April gekoop is, sal eers in Mei verkoop word.
- Die deposito vir die fabriekshuur is nie 'n uitgawe nie, maar 'n bate en sal nie in die inkomstestaat aangetref word nie.

1.5.2 *Thabo het bereken dat hy net meer as R1 230 000 ekstra sal benodig om HCC Designs te begin. Hy het dit nie. Bestudeer die begroting noukeurig en skryf drie oplossings neer wat hy kan implementeer om sy kontantvloei probleme op te los.*

- Vir 'n begin kan Thabo eerder die toerusting/vragmotor huur.
- Thabo kan 'n goedkoop tweedehandse vragmotor in plaas van die nuwe een koop.
- Hy kan die houtverskaffer vra om die hout te sny sodat hy nie die duur sae moet koop nie.
- Thabo kan privaat finansiering of 'n vennoot kry.
- Hy kan 'n kleinhoewe huur wat goedkoper as 'n kommersiële eiendom sal wees.
- Hy kan onderhandel om sy grondstowwe op krediet te koop.

VRAAG 2 VERSOENINGS**(28 punte; 34 minute)****DEEL A**

- 2.1 *Voltooi die debiteure-ouderdomsontleding soos dit op die staat moes verskyn het. **Moenie** enige van die korreksies doen nie, maar gebruik **slegs** die getalle soos dit op die staat verskyn.*

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
34 000 + 45 750	39 780	28 660	35 900
– 34 000 – 34 200	– 3 870		+ 462
= 11 550	= 35 910	= 28 660	= 36 362

- 2.2 *Bereken die rentekoers per maand wat Bumpless op die uitstaande skuld wat 90 dae agterstallig is, gehef het.*

$$462 / 11\,550 \times 100 = 4\%$$

- 2.3 *Stel met inagneming van die verskille die Krediteureversoening op en bereken die korrekte bedrag wat op 30 November 2019 deur PeaceOfPocket verskuldig is.*

Krediteureversoening op 30 November 2019

Foutiewe saldo	112 482
• Faktuur P79 gekanselleer	(45 750)
• Kredietnota P02	90
• Korting weggelaat	(1 800)
• Rente gekanselleer	(462)
• EFO (Kan volle bedrag van faktuur as een bedrag opteken vir 2 punte)	(27 227)
• Korting op die EFO	(1 433)
Korrekte bedrag deur PeaceOfPocket verskuldig	35 900

Geen metodepunt indien die faktuur wat in die KG gekorrigeer is, bygevoeg is nie.

- 2.4 *PeaceOfPocket het 'n betalingsbeleid waarby hulle bly. Bestudeer die inligting en verduidelik hul beleid.*
- Hulle betaal 95% van die uitstaande fakture op die laaste dag van die periode van 30 dae.
- 2.5 *Skryf die beste metode neer wat PeaceOfPocket kan gebruik om sy kliënte sover te kry om hul maandelikse versekeringspremies te betaal. Verduidelik wat dit die geskikste metode maak om die geld in te samel.*
- Debietorders
 - Die geld sal outomaties van die kliënte se rekening afgetrek word en na hulle rekening oorgeplaas word. PeaceOfPocket hoef nie op hul kliënte staat te maak om te betaal nie.

2.6 *Udesh, die boekhouer by PeaceOfPocket, ken die persoon wie se motor op 15 November herstel is volgens faktuur P90. Iemand het by die winkel agteruit in hierdie motor vasgery en die agterste buffer geduik. Die werk was sodat Bumpless die agterste buffer vervang. Udesh weet ook dat die algemene koste van 'n agterste buffer vir hierdie motor R4 700 is. Udesh vermoed die volgende:*

- *In plaas daarvan om 'n faktuur te stuur vir die presiese werk wat aan die motor gedoen is, voeg Bumpless werk en onderdele op elke faktuur by.*
- *Bumpless stuur ook ekstra fakture waarvoor daar geen werk was nie in die hoop dat PeaceOfPocket dit nie sal agterkom nie en die ekstra fakture (faktuur P79) sal betaal.*

Verduidelik 'n beheerstelsel met twee punte wat PeaceOfPocket kan implementeer om te verhoed dat bogenoemde gebeur.

- Hulle kan kwotasies by 'n minimum van twee maatskappye kry.
- Die kliënt kan die kwotasie en die faktuur onderteken om te sê hulle stem saam met die omvang van die werk.
- Elke eis moet 'n nommer kry. Hierdie nommer moet gebruik word wanneer gekwoteer word en op die faktuur.
- 'n Spreitabel kan gehou word van al die eisnommers en wanneer die faktuur ontvang word, word dit met die eisnommer en die kwotasie vir daardie eisnommer vergelyk.
- Hulle kan 'n beleid hê dat hulle net betaal wanneer hulle die faktuur ontvang – hulle betaal nie wat die staat sê nie.

per een beheermaatreël.

DEEL B

2.7 *Bestudeer die bankversoening op 31 Oktober 2019 en bereken dan die banksaldo soos dit op 31 Oktober 2019 op die **Bankstaat** sou verskyn het. Skryf neer of dit 'n **gunstige** of **ongunstige** saldo is.*

R1 065
Negatief

2.8 *Toon hoe die transaksies in die Inligtingsboekie op 30 November hanteer moet word deur die gegewe **bedrae** in die tabel hieronder in te vul.*

Transaksie	KOJ	KBJ	Algemene Joernaal	Bankversoening		Geen inskrywing
				Debiet	Krediet	
a)	3 160					
b)				2 408		
c)						3 700
d)		2 160	240			

VRAAG 3**MAATSKAPPY-ONTLEDING****(42 punte; 50 minute)**

3.1 *Bestudeer die uittreksel uit die Inkomstestaat en die uiteensetting van bedryfsinkomste per departement en beantwoord dan die volgende vrae:*

3.1.1 *Die bedryfsuitgawes op wins het van 191,5% in 2017 tot 245,1% in 2018 toegeneem. Verduidelik die hooforsaak van hierdie toename.*

- Die afname in verkope

3.1.2 *Skryf 'n terrein in die Inkomstestaat neer wat verbeter het.*

- Finansieringskoste het afgeneem
- Ander bedryfsuitgawes het afgeneem
- Beleggingsinkomste het toegeneem

3.1.3 *Tiger Brands het alle vleisprodukte wat gereed is om geëet te word, onttrek en die twee Enterprise-fabrieke wat hierdie produkte vervaardig, gesluit. Die fabriek is aan die begin van Maart 2018 gesluit.*

(a) *Selfs al was die produkherroepingskoste nie deel van die waardetoegevoegde vleisprodukte nie, het dit steeds 'n verlies getoon. Bespreek twee uitgawes wat WTVP gehad het wat die verlies kon veroorsaak het.*

- Hulle het die 1 600 permanente werknemers behou, dus lone/salarisse en koste van bydraes.
- Die fabriek is vir opleiding gebruik, dus sou hulle steeds water/elektrisiteit/tariewe of huur/instandhouding moes betaal.
- Vernietiging van die voorraad grondstowwe en die voorraad klaargoedere wat gekoop/geproduseer is, maar nie verkoop kon word nie.

(b) *Die finansiële verslag noem dat WTVP 'n wesenlike impak op die resultate gehad het. Beskryf die impak wat WTVP op die winste gehad het en verduidelik waarom dit wesenlik is. Toon die nodige berekeninge.*

$$422,1 + 252 + 50,5 = R724,6 \text{ miljoen verlies vanweë WTVP}$$

$$724,6 \div 2\,417,1 \times 100 = 29,98$$

$$\text{OF } (422,1 + 252 = R674,1 \text{ miljoen} = 27,89\%)$$

- Die verlies sorg vir byna 30% van die wins. Dit het 'n groot verskil aan hul resultate gemaak. (Aanvaar die berekening sonder die 50,5.)

3.2 *Bereken die syfers A–C in die staat van finansiële posisie. Toon die berekeninge.*

Rm	
A	$189,82 \times R90 = 17\,083,8$
B	$10\,377 \div 1,8 = 5\,765$
C	$23\,979,2 - 17\,083,8 (A) - 5\,765 (B) = 1\,130,4$

3.3 3.3.1 *Bereken die vuurproefverhouding vir 2018. Verduidelik waarom Tiger Brands hierdie verhouding sou bereken en lewer kommentaar op hul verhouding vir 2018.*

$10\,763 - 5\,064 : 5\,401,0$ $5\,699 : 5\,401,0$ $1,06 : 1$

- Om te toets of die huidige skuld afbetaal kan word sonder om voorraad te moet verkoop.

Kommentaar:

- Daar is genoeg debiteure en kontant om die huidige skuld af te betaal.

3.3.2 *Verduidelik 'n moontlike rede waarom die voorraadomsettempo in 2018 afgeneem het en verskaf twee redes waarom hierdie tempo geskik is vir Tiger Brands of nie.*

Rede waarom dit gedaal het:

- Die verwerkte vleis sou 'n vinnige omset gehad het. Hulle het opgehou om die vleis te vervaardig, maar steeds produkte vervaardig wat nie vinnig bederf nie, byvoorbeeld lekkergoed.
Is hierdie tempo toereikend? Ja
- Tiger Brands moes eers die voorraad vervaardig – en die tempo sou die grondstowwe insluit, dus is 3 maande toereikend.
- Party van hul produkte hou lank, byvoorbeeld Spray and Cook, Koo, spaghetti, dus sal hierdie produkte die tempo vir die dinge wat vinnig verkoop moet word, uitbalanseer.

3.4 *Loop Tiger Brands die risiko om insolvent te raak? Regverdig jou antwoord deur 'n berekening te verskaf.*

$23\,928,4 : 6\,463,2$ $3,7 : 1$

- Tiger Brands loop geen risiko om insolvent te raak nie.

3.5 *Coronation Asset Management (Pty) Ltd belê geld namens hul kliënte. Coronation is een van Tiger Brands se grootste aandeelhouders en besit 3,5% van Tiger Brands.*

3.5.1 *Bereken die getal Tiger Brands-aandele wat Coronation besit.*

$$189\,820\,000 \times 3,5\% = 6\,643\,700$$

3.5.2 *Bereken die totale markwaarde van die Tiger Brands-aandele wat Coronation op 30 September 2018 besit.*

$$6\,643\,700 \times 265,60 = R1\,764\,566\,720$$

3.5.3 *Bespreek twee faktore wat sou bygedra het tot die afname in die vraag na Tiger Brands-aandele op die JSE.*

- Beleggers sou hul aandele verkoop het toe die Listeria ontdek is, wat sou veroorsaak dat die aandeleprys daal.
- Nog beleggers sou hul aandele verkoop het toe hulle die daling in winste vir Tiger Brands gesien het.

3.5.4 *Indien Coronation hul Tiger Brands-aandele wil verkoop, het hulle die opsie om óf die aandele direk aan Tiger Brands terug te verkoop óf dit op die JSE te verkoop. Verduidelik waarom dit vir Coronation nadelig sal wees om hul aandele op die JSE te verkoop.*

- Die JSE-prys sal daal en hulle sal minder geld kry namate die prys daal.
- Hulle sal nie al hul aandele gelyk kan verkoop nie. / Dit sal lank neem om al hul aandele verkoop te kry.

3.5.5 *Bespreek die finansieringsopsies wat beskikbaar is indien Tiger Brands hul aandele direk by Coronation wil terugkoop.*

(a) *Verduidelik met verwysing na risiko, opbrengs en hefboomwerking of Tiger Brands die terugkoop met 'n lening kan finansier. (Toon toepaslike berekeninge.)*

$$1\,062,2 : 17\,465,2 \\ 0,06 : 1$$

- Tiger Brands het lae risiko.
- Die OOKA is 13,2% wat hoër is as die rentekoers van 9,5%.
- Hulle kan met 'n lening finansier.

- (b) *Gebruik 'n toepaslike syfer en lewer kommentaar daaroor of Tiger Brands die terugkoop sonder die lening kan finansier.*
- Coronation besit aandele met 'n markwaarde van net meer as R1 764 miljoen. Indien hulle dit op die JSE verkoop, sal die prys daal. Tiger Brands kan dus onderhandel om dit terug te koop teen 'n prys onder die markwaarde. Hulle het R1 581,1 miljoen kontant voorhande aan die einde van die jaar. Hulle het nie genoeg kontant in die bank om al Coronation se aandele te kan koop nie, maar kan moontlik 'n laer prys beding.
- (c) *Indien Coronation aanbied om hul Tiger Brands-aandele aan Tiger Brands terug te verkoop vir R250 per aandeel, bespreek waarom dit nie 'n goeie sakebesluit vir Tiger Brands sal wees nie.*
Die NBW is slegs R92,01. Terugkoop teen R250 is duur en is nie 'n goeie belegging vir Tiger Brands om in homself te doen nie.

3.6 *Verduidelik of Tiger Brands eties opgetree het toe die uitbreek van Listeria ontdek is. Gee twee punte.*

Was eties:

- Hulle het die werkers behou terwyl die fabriek gesluit was.
- Hulle het onmiddellik herroep, nie net die kos wat Listeria gehad het nie, maar al die kos wat in hierdie fabriek geproduseer is.
- Die werkers is verder opgelei.
- Gee R10 miljoen om te help voorkom dat dit weer gebeur.

Totaal: 100 punte